# Sondag, 12 November 2023

**Skriflesing:** Openbaring 21

**Tema:** Geloofsvolharding

## Skriflesing

**Openbaring 21**

**Die nuwe hemel en die nuwe aarde**

1Toe het ek ’n nuwe hemel en ’n nuwe aarde gesien. Die eerste hemel en die eerste aarde het
verdwyn, en die see het nie meer bestaan nie. 2En ek het die heilige stad, die nuwe Jerusalem,
van God af uit die hemel uit sien afkom. Die stad was gereed soos ’n bruid wat vir haar man
versier is.
3Toe het ek ’n harde stem van die troon af hoor sê: “Kyk, die woonplek van God is nou by die
mense. Hy sal by hulle bly; hulle sal sy volke wees, en God self sal by hulle wees as hulle God.
4Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. Die dood sal daar nie meer wees nie. Ook leed, smart
en pyn sal daar nie meer wees nie. Die dinge van vroeër het verbygegaan.”
5Toe sê Hy wat op die troon sit: “Kyk, Ek maak alles nuut.”
En daarna sê Hy: “Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar.”
6Verder sê Hy vir my: “Dit het klaar gebeur. Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde.
Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet.
7Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry, en Ek sal sy God wees, en hy sal my seun
wees.
8“Maar dié wat bang en ontrou geword het, die losbandiges, moordenaars en onsedelikes,
bedrieërs en afgodsdienaars en al die leuenaars, hulle lot is die poel wat met vuur en swael
brand, dit is die tweede dood.”

**Die nuwe Jerusalem**

9Toe het een van die sewe engele wat die sewe bakke het waarin die sewe laaste plae was,
gekom en met my gepraat. “Kom,” het hy gesê, “ek sal jou die bruid wys, die vrou van die Lam.”
10Ek is toe deur die Gees meegevoer en die engel het my na ’n groot hoë berg toe geneem en die
heilige stad Jerusalem vir my gewys, wat van God af uit die hemel uit afkom. 11Die stad het die
heerlikheid van God: sy glans is soos dié van die kosbaarste edelsteen, soos ’n kristalhelder
opaal.

[12]Die stad het ’n groot hoë muur met twaalf poorte. By die poorte is daar twaalf engele, en op die
poorte is daar name geskrywe, dié van die twaalf stamme van die volk Israel. [13]Aan die oostekant
is daar drie poorte, aan die noordekant drie, aan die suidekant drie en aan die westekant drie.
[14]Die stad se muur het twaalf fondamente, en daarop is daar ook twaalf name, dié van die twaalf
apostels van die Lam.
[15]Die engel wat met my gepraat het, het ’n goue meetstok gehad om daarmee die stad self, sy
poorte en sy muur te meet. [16]Die stad is vierkantig, net so lank as wat hy breed is. Hy het die stad
toe met die meetstok gemeet. Die lengte, die breedte en die hoogte daarvan is dieselfde, twaalf
duisend kilometer.[17] Hy het ook die muur om die stad gemeet. Dit is honderd vier en veertig meter
hoog. Die engel het die mate van mense gebruik.
[18]Die muur is met opaal gebou en die stad self met suiwer goud wat soos ’n skoon spieël lyk.
[19]Die fondamente van die stadsmuur is met allerhande edelstene versier: die eerste fondament
met opaal, die tweede met saffier, die derde met agaat, die vierde met smarag, [20]die vyfde met
sardoniks, die sesde met karneool, die sewende met chrisoliet, die agste met beril, die negende
met topaas, die tiende met chrisopraas, die elfde met hiasint en die twaalfde met ametis. [21]Die
twaalf poorte is twaalf pêrels. Elkeen van die poorte is uit een pêrel gemaak. Die strate van die
stad is van suiwer goud, blink soos ’n spieël.
[22]’n Tempel het ek nie in die stad gesien nie, want sy tempel is die Here God, die Almagtige, en
die Lam. [23]Die stad het nie die son en die maan nodig om hom te verlig nie, want die heerlikheid
van God het hom verlig, en die Lam is sy lamp. [24]Die nasies sal in die stad se lig lewe, en die
konings van die aarde verleen luister daaraan. [25]Die poorte daarvan word gedurende die hele dag
nooit toegesluit nie: daar sal nie meer nag wees nie. [26]Die mense sal die luister en die rykdom van
die nasies daarheen bring. [27]Niks onreins en niemand wat iets losbandigs en vals doen, sal ooit
daarin kom nie, maar net dié wie se name in die boek van die lewe, die boek van die Lam
geskrywe staan.

**Matteus 4:4 –** ***“’n Mens leef nie net van brood nie, maar van elke woord wat uit die mond van God kom.”***

## Preek

**Broers en susters in ons Here Jesus Christus:**

Die boodskap van Openbaring 21 kan verstaan word as 'n boodskap van hoop en uiteindelike oorwinning. In hierdie hoofstuk beskryf Johannes 'n visioen van 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde, waar God saam met die mensheid woon.

Die sleutelboodskap is dat God alles nuut sal maak, elke traan sal afvee en pyn, smart en dood sal verwyder. Hierdie hoofstuk beklemtoon die ewige en glorieryke toekoms wat wag vir diegene wat glo in God.
Dit moedig gelowiges aan om volhardend te wees in hulle geloof, deur te weet dat God se uiteindelike plan, is om alles te vernuwe.

En dit vra van elke gelowige om te volhard in die geloof.

Openbaring neem ons nou anderkant die eindtyd. Ons word die ewigheid in geneem. En onthou tog dat Johannes gebruik beeldspraak. Hoe praat ‘n mens oor God? Met menslike woord. Maar wat Johannes sê, moet ons verbeelding diep gryp. Dit moet vir ons wys hoe mooi, hoe ewig en heilig die nuwe stad van die Here gaan wees.

Johannes sien ons hoofstuk 21 ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde. Dis baie bekende woorde van hom, want die eerste hemel en die eerste aarde is verby. God is nie besig met ‘n opkikkering van die van die huidige skepping nie, Hy vervang dit met ‘n nuwe hemel en ‘n nuwe aarde. En dan kom die nuwe Jerusalem uit die hemel. Hierdie beeld is nie so volop nie en kom net twee keer in Openbaring voor – Die nuwe Jerusalem. Ons onthou veral Esegiël 40-48 wat droom van die nuwe tempel en dit gee vir Johannes agtergrond om so bietjie taal by te kry, om iets te skryf oor hierdie ongelooflike nuwe beelde wat hy gebruik.

Hierdie stad is soos ‘n bruid wat vir haar bruidegom versier is. Dan hoor Johannes van vers 23 af ‘n harde stem – Kyk, die woonplek van God is van nou af by die mense en Hy sal by hulle bly en hulle sal sy mense wees en Hy sal hulle God wees. En Hy sal al die trane van hulle oë afdroog. En die dood sal nie meer daar wees nie en ook nie hartseer en huil en pyn nie. Al die vorige dinge is verby.

God se nuwe Jerusalem is ‘n plek van nie meer nie. Nie meer huil, nie meer trane nie.
Begraafplase staan leeg, intensiewe eenhede staan ook leeg, predikante het nie meer werk nie,

troosters hoef nie meer te troos nie. God self droog al die trane af soos wat ons hoofstuk 7 ook gehoor het. God maak dit alles nuut.

Soos wat hoofstuk 21:5 sê – Ek maak dit alles nuut. Dis nie die mens nie. God bring ‘n nuwe hemel en God bring ‘n nuwe aarde.

En dan sê Hy vir Johannes – skryf dit op – want dit is betroubaar en waar. En Hy sê dit is klaar, dit het reeds gebeur. Is dit nie aangrypend nie. Die toekoms het reeds gebeur.

Ek onthou in van my gunsteling kinderstories, Alice in wonderland, vertel die koningin vir Alice dat sy verbaas is dat mense se geheug net agteruit werk. Sy sê – *it's a strange kind of memory to people only remember backwards*. Dit het my laat dink, Johannes se geheue laat hom vorentoe dink. God wys hom vorentoe. Hy sê – Johannes, jy moet nou onthou wat nog vorentoe gaan gebeur.

Ek het gewen. Ek is die Alfa en die Omega, die begin en die einde. Die eerste en die laaste. Vir die dorstiges sal Ek gee om te drink uit fontein van water sonder betaling, verniet. Ook groot woorde van Jesaja 55 – God se lewende water is verniet.

Jesus wat dit vir ons belowe het in Johannes 5, 6, 7 en verder, dat Hy die boord van die lewe is, dat Hy die water van die lewe is. God se stad het ewige water, sonder betaling. As jy dors is, as jy smag na God, dan is dit verniet. Hy wat oorwin sal dit alles kry.

In baie tradisies is daar rangordes in die hemel. Die Jode het geglo daar is ‘n rangorde. Die aartsengele sit naaste aan God, dan al die aartsvader en dan al die konings en profete en so aan. En daar is selfs mense wat glo dat jy seker krone en belonings in die hemel kry. Trouens, iemand het nou die dag vertel dat hy werk al aan sy sewende kroon.?? Hoor wat sê die Here se Woord, nie ek nie, nie tradisie nie. *Hy wat oorwin sal dit alles kry* – nie een kroon, ‘n stukkie, ‘n bly plekkie agter in die hemel kry, ‘n kamertjie kry nie. Oorwinning is vir alle mense. Het ons vergeet Jesus vertel in Matteus 20 die gelykenis van die arbeiders wat op verskillende tye in die lande gaan werk het. Wat was hulle almal se loon? Dieselfde. *Hy wat oorwin sal dit alles kry en hy sal my kind wees en Ek sal sy God wees.*

God sê nie Hy sal sekere mense laat belangriker wees as ander mense nie. ‘n Vader maak nie so met Sy kinders nie. Hoekom glo mense sulke halwe waarhede, dat daar ‘n bo en ‘n onder dorp in die hemel is. Dat party mense erekleure het in geloof en beter plekke gaan kry. God sê vir ons dat Hy is ons Vader en ‘n Vader is vir al Sy kinders ewe lief.

Goddeloses, se vers 8, sal niks kry nie. Hulle sal die tweede dood kry, die eindoordeel, die ewige verderf.

En dan in vers 9 en 10 kom daar ‘n engel, die een wat voorheen die wraakbakke uit gegooi het en sê vir Johannes – kom ek wys vir jou die bruid, die vrou van die Lam. En dan voer die Gees vir Johannes mee, soos in hoofstuk 4. En hy begin op ‘n hoë plek. So op ‘n berg dan sien hy hierdie groot stad, die nuwe Jerusalem soos dit uit die hemel neer daar. En dan word dit beskryf met taal wat mense met rykdom en welvaart identifiseer. Vroeër in Babilon wat dit sondige welvaart. In Babilon was dit sonde en geweld en gierigheid. Maar God se stad, waar ons ewig gaan bly, is met edelgesteentes gebou. Hierdie Jerusalem is glansend, vers 11, soos ‘n juweel, kristal.

En dan hoor ook van die afmetings van die stand. Dit het ‘n hoë muur met 12 ingange, met 12 engele en op die hekke is daar die name van die 12 stamme van Israel. En hoor in vers 14 dat die stand het 12 fondamente, 12 name van die apostels op die fondamente.

Die vraag is, ons moet dit nie te letterlik lees nie. Hoekom is daar muur om ‘n stad? In die ou tyd het die muur die inwoners beskerm. Ons het nie meet ‘n muur vir beskerming nodig nie, want God is daar. Dit is beeld spraak wat vir ons wil sê dat hierdie 12 ingange en 12 fondamente, 12 plus 12, die 24 ouderlinge ens. dat alles word nou saam gevat. En dit wil vir ons sê dat hierdie nuwe stad is ons gegrond op die leer van die apostels en die profete, soos wat Paulus ook vir ons sê. Die ware evangelie het gewen en daarom is hierdie stad geskoei op Christus is die Here. Dit is ‘n veilige stad. Niemand sal ons weer daar uithaal nie.

Dan sien Johannes dat hy kan die stad meet. En weer, mens kan nie die mates letterlik verstaan nie, dit maak nie sin nie en dit is ook Johannes se doel. Hy meet die stad, want jy kan God se stad meet. In hoofstuk 11 het gestaan dat jy kan nie die stad, Jerusalem meet nie, want dit is oorgegee aan die satan, maar hier kan jy God se nuwe stad meet, want dit is in Sy hande.

Ons sien ook van wat alles hierdie nuwe stad gemaak is, al die edelstene. En dan sien Johannes ook dat die tempel weg is, want God is nou die tempel van die stad. En daar is nie meer ‘n son of ‘n maan nie, want die Here is die lig. God het die ligte afgesit. Vers 24 – want in God se lig sal al die nasies lewe, en al die konings van die aarde, die wat gered is sal daar wees. Die stad se poorte sal oop staan want God sal die stad beskerm. En geen boosheid kan in die stad in kom nie, want net die wie se name staan in die boek van die Lam sal daar kan inkom – tot ewigheid.

Hierdie kyk na die nuwe stad gee vir my ‘n kykie in die ewigheid. Dit sê vir ons –
God is daar,
Dit is ewig,
Alle onreinheid, alle sonde is weg,
Ons gaan by God wees vir altyd. Ons gaan nie hemel toe want ek gaan al my geliefdes daar sien nie, en ons gaan nie hemel toe dat ons kan weg kom van hierdie gevaarlike Suid Afrika nie. Ons gaan hemel toe want Christus is daar. Ons gaan saam met Hom lewe.

Die oproep vanmore is dus – dat ek en jy, die kinders van God, sal toeneem, sal groei in ons geloofsvolharding. Johannes het hierdie herinnering gebring, sodat ons in ons onmiddellike omstandighede en wêreld met volharding sal lewe.

**Slot**

Om volhardend te wees in jou geloof beteken om te bly glo en jou godsdienstige of spirituele oortuigings te volg, selfs in die aangesig van uitdagings, twyfel of moeilike omstandighede. Dit behels om standvastig en toegewyd te bly aan jou geloof, selfs wanneer jy dalk struikelblokke, versoekings of oomblikke van onsekerheid ervaar.

Volharding in geloof vereis veerkragtigheid, vasberadenheid en vertroue in 'n hoër mag of goddelike doel. Dit beteken om getrou te bly aan jou oortuigings, deurlopend jou godsdienstige of spirituele rituele te beoefen en te streef om volgens die waardes en beginsels wat deur jou geloof geleer word, te lewe.

Volharding behels ook die soeke na spirituele groei en die verdieping van jou begrip van jou geloof. Dit kan die bestudering van heilige tekste insluit, gebed of meditasie, die soeke na leiding

van godsdienstige leiers of mentors, en die vind van krag en ondersteuning binne 'n geloofsgemeenskap.

Uiteindelik beteken volharding in jou geloof om toegewyd te bly aan jou spirituele reis, selfs gedurende moeilike tye, en om voortdurend te soek na 'n dieper verbinding met jou oortuigings en die goddelike.

**Amen**